# HOE OM TE VOEL WAT JY VOEL... SOOS JESUS DIT VOEL

## Jesus se trane

Koos van der merwe | Eden Gemeente | 25 Mei 2025

**Jesaja 53:3-4**

Hy was verag en deur die mense verlaat, **’n man van smarte en bekend met krankheid;** ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en ons smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. hulle sal vertroos word.

**Matthéüs 5:4**

Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.

Om die regte trane te hê. Om te treur op ’n manier dat God jou kan vertroos. Vandag wil ons oor trane leer by die Man van Smarte.

“...God’s sorrow is not a weakness but part of His invincible love.” (C. S. Lewis)

“The heart of the Father to His child is [a heart ] of aching love—a yearning that will not rest until the child comes home.” (George MacDonald)

Hier sit vandag mense wat verlang na kinders en kleinkinders wat oorsee woon. Hier sit miskien ander wat wens hulle kind moet net weer met hulle praat. Ander weer wat hartseer gaan slaap oor onverskillige kinders. Ongelowige kinders. Kinders met probleme en pyn. As ons in hierdie byeenkoms die trane van ouers oor hulle kinders kon bymekaarmaak wonder ek hoeveel liters daar sou wees.

Hier is hartseer oor geliefdes wat nie meer met ons is nie. Hartseer oor verspilde geleenthede. Hartseer oor verliese, mislukkings, planne en drome wat nie uitwerk nie. Hartseer oor liefdesteleurstellings. Huwelikshartseer. Hartseer oor egskeidings.

Wat maak ’n gelowige met sy hartseer? In hierdie reeks dink ons daaraan dat ons ’n Redder het

wat 'n mens soos ons was. Met emosies soos ons s'n. Wat net soos ons vreugdes, opwinding, vrede, woede, hartseer, teleurstellings beleef het.

As jy verlede week hier was sal jy dalk onthou dat ons begin het deur aan Jesus se sondelose volmaaktheid te dink, en ook genoem het dat ons nie dikwels aan Jesus se volmaaktheid dink in terme van sy emosies nie. Terwyl dit tog een van die uitstaande aspekte van Jesus se sondelose heiligheid is, naamlik dat Hy ook in sy gevoelens sondeloos was. Hy het nooit, ooit, selfs vir een oomblik, verkeerde, donker of skadelike emosies in sy gemoed toegelaat nie. Ook nie as Hy kwaad was nie, daaroor praat ons volgende week.

Vandag dink ons aan die Man van Smarte. Jesus se trane. Jesus se hartseer was heilig. Dit was goed en reg.

Maar daar is verskillende soorte hartseer, ook donker, vernietigende hartseer. Hoe kan ons by Jesus leer oor trane?

Soos ek verlede week genoem het, is die klem in hierdie reeks minder op prediking, dis eerder 'n oorsigtelike blik op belangrike Skrifgedeeltes oor die onderwerp.

Kom ons dink aan drie groot redes vir Jesus se trane:

- **Jesus ween oor die hartseer van mense**

**Johannes 11:33, 35**

33 Toe Jesus haar dan sien ween en die Jode wat saam met haar gekom het, ook sien ween, het Hy geweldig bewoë geword (het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan—NV)...

35 Jesus het geween.

Lasarus het gesterf. Jesus het klaar gesê God gaan verheerlik word deur wat gaan gebeur. Hy het klaar in vers 11 gesê, "Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak." Hy het klaar vir Martha direk gesê, "Jou broer sal opstaan".

Jesus weet Hy gaan Lasarus opwek, maar tog is Hy ontsettend hartseer en ontsteld, geweldig bewoë.

En dan die aangrypende kort vers, net drie woorde, "Jesus het geween".

**ἐδάκρυσεν**, **(edákrusen)—verb: wept**, referring to the shedding of tears with a sense of gentle or quiet grief, as opposed to loud wailing.

Wat 'n oomblik. Wat 'n blik kry ons nie in Jesus se hart nie. Probeer jou dit indink. Kan jy dit sien? Almal huil hardop, soos die Joodse tradisie was daar selfs professionele roubeklaers wat hardop, klaend ween, *wail,* om seker te maak almal in die omgewing neem kennis... En Jesus se gemoed raak oorstelp, Hy sak neer, hou sy hande oor sy gesig, sy hoof gebuig. Hy kan vir oomblikke niks sê nie. Sukkel om die snikke te beheer. Ons ken daardie gevoel, jy kan nie hardop huil nie, jy het nie die krag daarvoor nie, dis asof jou binneste net kreun, 'n diep, stukkende hartseer, waarvoor jy geen woorde of geluide kan vind nie, net 'n sagte kreun, 'n snik, 'n sug...

Dis wie ons Redder is, Hy staan nie eenkant nie. Jou hartseer is sy hartseer.

"Compassion [is] to go where it hurts, to enter into the places of pain, to share in brokenness, fear, confusion, and anguish... Compassion means full immersion in the condition of being human." (Henri Nouwen)

Hierdie trane van Jesus verseker jou jy kan met oortuiging na Hom toe gaan, en weet Hy is by jou in jou hartseer...

Ook jy wat rou, maak nie saak op watter plek in jou reis van rou jy is nie, Hy is by jou....

**Die Sewe Fases van Rou:**

- **Skok en ontkenning** ...Jy voel verlam deur die "onwerklikheid"...
- **Pyn en Skuldgevoelens** ...Jy voel jy kon meer gedoen het vir jou geliefde, of is spyt oor dinge wat jy gedoen het...
- **Woede en Onderhandeling** ...Jy voel iemand moet die skuld kry. Selfs God. Of jy begin die sinnelose onderhandeling, as God jou geliefde net sal terugbring sal jy...
- **Depressie, Refleksie en Eensaamheid** ...Jou vriende begin al dink jy moet aangaan met jou lewe, maar jy voel jy is in 'n langer seisoen van hartseer en bepeinsing. Die werklikheid van jou verlies dring tot jou deur en wil jou gedagtes verswelg, jy beleef gevoelens van leegheid en sinneloosheid...

- **’n Opwaartse draai** ...Lig begin vaagweg deurskemer, jy is kalmer, depressie verlam jou nie meer so erg soos voorheen nie...
- **Verwerking en Her-opbou** ...Jou denke raak meer prakties, jy soek na realistiese oplossings vir die praktiese uitdagings van jou situasie...
- **Aanvaarding en Hoop** ...Jy besef jy is in ’n nuwe werklikheid en is bereid om daarmee te deel, al is jy nie skielik weer gelukkig nie. Jy weet jy sal nooit weer wees soos jy was nie, maar jy het hoop dat jy dit sal maak. Met tyd begin jy aan jou geliefde dink met kosbare herinnerings, steeds met hartseer, maar die ondraaglike pyn word minder. Daar is ’n nuwe verwagting van goeie dinge en vreugdes in die lewe...

Die trane van Jesus verseker jou vandag jy kan met oortuiging na Hom toe gaan, en weet Hy is by jou in jou hartseer...

**Psalm 34:19-20**

[19]Die Here is **naby die wat gebroke is van hart**, en Hy verlos die wat verslae is van gees.
[20]Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom.

Maar Jesus se trane wil jou ook help om te bid dat jy soos Hy sal wees, bereid om ander se trane te sien en te voel, “to enter into the places of pain”...

**2 Korinthiërs 1:3-4**

[3]Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, (the Father of sympathy (pity and mercy) and the God [Who is the Source] of every comfort (consolation and encouragement—AMP)

[4]wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word.

**Romeine 12:15**

Wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween...

Is jy bereid vir hierdie soort trane? Trane oor ander se hartseer. Dis die pyn van die liefde. Want liefde is ’n risiko. Jy kan probeer om alle hartseer te vermy. Maar hoe meer ’n mens mure om jouself bou, hoe minder is jy soos Jesus. Twee dinge sal jou hart al hoe harder maak. Een: Hoe meer jy in jou eie hartseer nie oopmaak en jou toevlug in die Here neem nie, hoe harder sal jy word. En twee, jy word harder as jy nie bereid is om die pyn van ander te voel nie...

As jy regtig so min as moontlik hartseer in die lewe wil beleef, het C. S. Lewis gesê, is die beste ding wat jy kan doen bloot om so min as moontlik lief te hê. Maak jou lewe vol met dinge wat vir jou interessant is, wat plesier, gemak, sekuriteit verskaf. En maak seker jy raak nie geheg aan enige iets met asem nie, nie ’n mens nie, ook nie ’n dier nie. Hou jou hart toe. Hou jou ore en oë toe vir mense se hartseer, diere se pyn. Speel veilig. Maak jou keuse: óf liefde met die risiko van ’n stukkende hart, of die sekerheid van ’n veilige, koue, harde hart. Ja, jy kan jouself beskerm teen alle trane. Jy kan volkome veilig wees as jy alle plekke vermy waar ware liefde en opoffering ’n manier van lewe is. Die hemel sal natuurlik eendag so ’n plek wees. Jy sal ook daarvan wil wegbly.

Die eerste ding dan wat ons leer van die Man van Smarte se trane, en sal jy dit vandag glo, Jesus ween oor ons hartseer, jou hartseer, glo dit. Maak Hom jou toevlug. En maak ook jou hart oop dat Hy jou kan gebruik om saam met ander te ween..

- 

**Jesus ween oor die verlorenheid van mense**

**Lukas 19:37-44**

37 En toe Hy al naby die afdraand van die Olyfberg kom, begin die hele menigte dissipels God met blydskap te prys met ’n groot stem oor al die kragtige dade wat hulle gesien het,

38 terwyl hulle sê: Geseënd is die Koning wat kom in die Naam van die Here, vrede in die hemel en heerlikheid in die hoogste hemele!

39 En sommige van die Fariseërs uit die skare sê vir Hom: Meester, bestraf u dissipels!

40 En Hy antwoord en sê vir hulle: Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep.

41 En **toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween (**He burst into tears, weeping audibly over it—NTET)

42 en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek.

43 Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande ’n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit.

44 En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie.

Jesus huil hier anders as met Lasarus se dood. Dis 'n hartseer wat nie teruggehou kan word nie. Byna die katarsis van alles wat in die hart van God oor eeue opgebou het.

Asof Jesus terug is by God se oerverdriet.

**Genesis 6:5-6**

5 Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,

6 het dit die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart.

**Jesus huil oor hierdie mense as Hy terugkyk op hulle pad.** Al die kanse wat God hulle gegee het. Hoeveel keer het Hy nie met hulle gepraat nie, maar hulle weet nie, nie omdat hulle nie die vermoë het om te weet dat God hulle besoek nie en vir hulle wil wys wat werklik vrede, heelheid, lewe bring nie, ek sê weer, nie omdat hulle nie die vermoë het om dit te weet nie, maar omdat hulle nie oop is daarvoor nie...

- Verspilde kanse...
- Verwerpte uitnodigings...
- Vermorsde vermoëns en gawes.
- Verwoeste drome en potensiaal...

Hy huil, maar tog sê Hy "hierdie dag van jou..." Daar is nog 'n kans. Soos die psalm wat Hebreërs 3 en 4 aanhaal:

**Psalm 95:7-8**

7 ...Ag, as julle vandag maar na sy stem wou luister!

8 Verhard julle hart nie


- Verspilde kanse...
- Verwerpte uitnodigings...
- Vermorsde vermoëns en gawes.
- Verwoeste drome en potensiaal...

en harde verdraaide harte… dis wat Jesus sien as Hy om Hom kyk…

- Verdraaide harte.

Ja, Jesus huil oor hulle as Hy terugkyk… maar ook as Hy óm Hom kyk…

**Jesus huil oor hulle verharde en verdraaide harte as Hy om Hom kyk:**

- Godsdienstige ywer sonder diepte, mense wat Hom toejuig wat later sal skree, "Kruisig Hom!"
- Godsdienstige leiers wat die tempel 'n plek van veroordeling en uitbuiting laat word het. Soveel godsdiens, maar so min ware geloof. Jesus huil.
- Godsdiens sonder 'n bewustheid van God se stem, sonder oorgawe, gehoorsaamheid, lewensverandering.
- Verspilde kanse…
- Verwerpte uitnodigings…
- Vermorsde vermoëns en gawes.
- Verwoeste drome en potensiaal.
- Verdraaide harte.

Maar Jesus huil nie net as Hy terugkyk en om Hom kyk nie, Hy sien ook hulle…

- Verdoemde toekoms.

**En Jesus huil as Hy vorentoe kyk.** Hy sien wat kom. Hierdie tempel en stad gaan verwoes word. Seshonderdduisend Jode sal uitgewis word, en talle ander weggevoer word. Hoekom?

Want hulle het nie gesien toe God hulle besoek het nie, "Die goeie uur, die dag wat tot jou vrede dien, wíl jy nie raaksien nie, en daarom kán jy dit nie raaksien nie."

**Johannes 1:9-12**

9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.

11Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

12Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo…

Johannes praat van twee plekke waar ’n mens kan wees: Óf jy weerstaan sy stem, Hy kom na jou toe, maar jy wys Hom weg, óf jy neem Hom aan. En o, jy kan Hom weer en weer aanneem. En as jy dit doen is die trane van Jesus verniet nie…

Jakobus praat van dieselfde twee plekke waar ’n mens kan wees, weerstand of oorgawe, en sy raad is dat ek, wanneer ek weet ek weerstaan die Here, dieselfde trane as Jesus sal begin huil, oor my eie toestand.

**Jakobus 4:4-10**

4Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie ’n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy ’n vyand van God is.

5Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê?

6“God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade.”

7Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.

8Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars.

9Bekla julle ellende, treur en huil! Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydskap in droefheid.

10Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

O, dat ons dieselfde trane as Jesus sal hê, oor onsself…

Dis waarvan Paulus praat in…

**2 Korinthiërs 7:9-11**

9Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het dat julle tot inkeer gekom het. Julle was immers hartseer soos God dit wou hê.…

10want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood.

11Kyk net wat die ervaring van droefheid volgens die wil van God aan julle gedoen het. Nou is daar by julle erns; meer nog, daar is verantwoording, verontwaardiging, ontsag, verlange, ywer en bestraffing van die kwaad.

Droefheid volgens die wil van God... Dink jy daar is iets waaroor God dalk vandag wil hê jy moet bedroef raak? Iets in jou lewe waaroor God bedroef is...?

Maar al ís jy bedroef, dink mooi of dit regtig 'n goeie droefheid is, want 'n mens kan 'n hartseer hê wat misleidend is. Wat jou vernietig.

In Maleági is die volk baie hartseer omdat die profeet vir hulle sê God neem nie hulle offers aan nie. Maar kyk die misleiding. Hulle is hartseer oor die verkeerde ding. Hulle is hartseer oor die gevolg van iets wat hulle verkeerd doen, maar nie hartseer oor die verkeerde ding self nie. Soos 'n skelm wat huil, "Ek is so hartseer... dat hulle my uitgevang het."

Hierdie soort hartseer huil eintlik oor die gevolge wat God toelaat weens wat ek gedoen het. En nou huil ek, maar ek huil nie oor wat ék gedoen het nie, dis oor die gevolge. En hierdie soort trane is eintlik trane omdat God is soos Hy is en nie omdat ék is soos ek is nie...

**Maleági 2:13-14**

...Julle huil en kerm en sug by die altaar van die Here omdat Hy nie meer julle offers wil aanneem nie,

14en julle vra: "Waarom dan nie?" Dit is omdat die Here weet wat gebeur het

tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is: jy was ontrou aan haar, ontrou aan jou eie vrou, die vrou aan wie jy plegtig trou belowe het.

Ook die ryk jong man huil met die verkeerde trane. Hy huil omdat Jesus vir Hom vra om sy besittings oor te gee. Hy huil nie omdat hy besef hy is gierig en sy besittings is belangriker as God nie.

**Lukas 18:22-30**

22En toe Jesus dit hoor, antwoord Hy hom: Nog een ding ontbreek jou—verkoop alles wat jy het, en verdeel dit onder die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, volg My.

23**Toe hy dit hoor, het hy diep bedroef geword**, want hy was baie ryk.

24En toe Jesus sien dat hy diep bedroef geword het, sê Hy: Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van God ingaan.

Om oor die regte dinge hartseer te wees in jou eie lewe, is om dieselfde soort trane as Jesus te hê, maar weer, net soos met Jesus se trane oor mense se hartgseer, om ook saam met Jesus hartseer te wees oor mense se verlorenheid, oor mense wat jy ken wat ver van God af leef. Kyk na Paulus se hartseer:

**Filippense 3:18-19**

18Want baie—van wie ek julle dit dikwels gesê het en nou ook onder trane sê—wandel as vyande van die kruis van Christus.

19Hulle einde is die verderf... Hulle is op pad na hulle ondergang toe want hulle eie begeertes het hulle afgod geword.

Ook oor die Jode wat nie Jesus as Messias wil aanvaar nie, sê Paulus...

**Romeine 9:1-2**

1Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie—my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees —

2dat dit vir my 'n groot droefheid is en 'n onophoudelike smart vir my hart.

O, kom ons vra die Here om ons hierdie selfde "onophoudelik smart" in ons harte te gee...

- **Jesus ween oor die grusaamheid van wat aan die kruis gebeur**

**Matthéüs 26:36-38**

36Toe kom Jesus met hulle in 'n plek met die naam van Getsémané, en Hy sê vir die dissipels: Sit hier onderwyl Ek daar gaan bid.

37En Hy neem Petrus en die twee seuns van Sebedéüs saam en begin bedroef en benoud word.

38Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.

Die grusaamheid wat voor Jesus was in daardie donker uur was alles waaroor Hy in sy hele lewe gehuil het: die pyn en hartseer van mense; die hardheid en verlorenheid van mense; en die verskriklike gevolg, hier aan die kruis, van so ’n soort lewe ver van God af.

Jesus is diep bedroef. Hy weet, al hoe Hy vir my en vir jou kan vertroos, en al hoe Hy ons kan help met die gevolge van ons eie donkerte, is om self die gevolge te dra…

As ons vandag die nagmaal neem, dank ons die Here vir sy trane. En dat Hy Homself oorgegee het, gehoorsaam was tot die dood toe, en dat sy gebede verhoor is, nie dat Hy die kruis vry kon spring nie, maar dat sy Vader se wil sal geskied: My redding, jou redding…

**Hebreërs 5:7**

7Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God.